**Skriflesing:** Luk 24:36-49
**Tema:** Van vrees na ‘n splinternuwe verhouding. (van vreugde, vertroue en verkondiging)

Verskrik, baie bang en twyfel is die woorde waarmee die dissipels in hierdie Skrifgedeelte beskryf word. Hulle is bang vir hul eie mense, die Jode. en waarskynlik ook vir die Romeinse regeerders wat hulle vervolg. Hulle kruip in die bovertrek weg.

Hulle is skaambang vir die gevolge van hulle mislukkings rondom die kruis en hulle afwesigheid by Jesus se lyding en dood. Hulle het Hom verloën en verlaat toe Hy hulle die nodigste gehad het.

Hulle is verward. Jesus was hulle leier vir 3 jaar. Hulle het alles gelos om Hom te volg. Hulle het al hulle hoop in Hom geplaas en nou is Hy dood.

Hulle hele bestaan is geskud deur die gebeure rondom Golgota.

Die dissipels is onseker. Wat nou? Dis nie soos ons dit verwag het nie!

En wat van ons toekoms? Hoe nou vorentoe?

Hulle is op ‘n slegte plek. Die meeste van ons as kinders van die Here deel of het al gedeel in hulle emosies.
Ons was al bang of skaam oor wat ons aanvang het. Ons was ook al verward, onseker en uitsigloos.

Hul het soos skape rondgemaal. Dit is wonderlik dat Jesus aan hierdie groepie mense verskyn. Hy keer terug na hulle wat Hom verlaat het. Moet nooit die leuen glo dat jy te veel drooggemaak het en nie goed genoeg vir die Here is nie. Hy kies in liefde om by jou te wees.

En meer as dit, wanneer die Here die dissipels groet met: “Vrede vir julle", dan is dit meer as ‘n algemene seëngroet van die tyd. Dit is woorde wat sy volle vergifnis vir hulle mislukkings rondom die kruisgebeure verseker.

Maar kom ons gee gou so tree terug. In dieselfde Luk 24 lees ons van vroue wat graf toe gegaan en die graf leeg gevind het. Twee engele sê vir hulle: Luk 24:5-7: “Waarom soek julle die Lewende by die dooies? [6]Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was [7]en gesê het: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan.”
Die vroue het hierdie woorde onthou en vir die 11 dissipels en ander gaan vertel wat hulle gesien en gehoor het.

Petrus het gaan kyk of dit so is, hy het die graf leeg gevind en is vol verwondering huistoe.

Jesus het ook aan Emmausgangers verskyn. Hulle en die dissipels is opgewonde in gesprek oor sy opstanding wanneer Jesus tussen hulle verskyn. Daarom is Lukas 24:37 eintlik onverstaanbaar: “Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees.” Tog neem Jesus die dissipels nie kwalik nie en Hy bevestig op verskeie maniere sy opstanding aan hulle.
Wanneer Christus vir sy dissipels sy hande en voete wys, wil Hy hulle oortuig van sy fisiese teenwoordigheid. Hulle moet die spykermerke sien en daaraan vat as bewys dat Hy die Here is. Dit is Hy wat aan die kruis gesterf het. Hy was dood, maar het na 3 dae opgestaan en Hy lewe!

Ons kry ‘n versteekte stukkie humor in Lukas 24:41: “Toe hulle van blydskap en verwondering nog nie kon glo nie,” Is dit moontlik om so vol blydskap en verwondering te wees dat jy nie kan glo nie?
Dit is asof die Here aan die dissipels verskyn, maar hulle sukkel om dit te glo, want dit is net “te goed om waar te wees.”

Ons weet nie of Jesus regtig honger was nie. Dalk wou hy deur die vis te eet nog ‘n keer bevestig dat Hy leef.

En weer onderstreep Jesus die belangrikheid van die Bybel. Soos met die Emmausgangers leer Hy die dissipels uit die Ou Testament uit.

Alles wat Jesus doen, is sodat die dissipels Hom as opgestane Here herken en erken. Alles is daarop gemik om die verwarde dissipels tot geloof en vertroue te bring.

Wanneer dit gebeur, Hy hulle verstand open en hulle verstaan, roep Hy hulle op om bruikbare getuies van Hom te wees.
Christus kom neem die dissipels se twyfel oor wat die toekoms vir hulle inhou weg met die opdrag in Lukas 24:46-49: “Verder sê Hy vir hulle: “So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, [47]en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.’ [48]Julle is getuies van hierdie dinge. [49]En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is.”

Dit is wat hulle nou moet gaan doen

Dit is ook ons opdrag vir vandag en môre en oormôre. Ons kan nie maar net in vreugde by die leë kruis bly sit en feesvier nie.  Ons mag nie onsself in die kerkgebou tussen mense wat soos ons glo toesluit nie. Ons is God se fontein van liefde wat moet toelaat dat sy goeie nuus, deur ons, van hier af uitvloei.

Ons kan en hoef dit nie alleen te doen nie. Die Heilige Gees rus ons toe. Anders as die dissipels het ons niks om voor te wag nie. Die Gees is uitgestort, ook oor ons.

Dit maak nie saak of ons Hom al, soos die dissipels, in die steek gelaat het nie. Dit is nie ‘n geldige verskoning nie. Hy vergewe ons. Hy seën ons met sy vrede en help ons om te verstaan. Hy skenk aan ons die Heilige Gees wat ons krag gee en ons getuies maak.

In die tyd van die Bybel moes daar altyd 2 getuies wees om te bevestig dat iets waar is. Jesus Christus is die eerste getuie. Ons as sy kerk is die tweede getuie. As Geesvervul mense stuur Hy vanoggend weer vir elkeen van ons uit om die waarheid van bekering en vergifnis van sonde van hier af en verder te verkondig.

Ek sluit af met die, so hier en daar aangepaste, woorde van Teresa van Ávila. (1515-1582) (Sy was ‘n fassinerende vrou. Sy was van Spaanse agtergrond en het die kerklike lewe ingrypend beïnvloed. Eeue na haar dood het sy die eretitel van “Doktor in Teologie” van die kerk ontvang en is ook tot ‘n heilige verklaar. Tog sou sy dit nooit wou hê nie, want sy was ‘n plat op die aarde vrou met ‘n groot sin vir humor.)
Sy het gesê: “Christus het geen liggaam op aarde behalwe joune nie, geen hande behalwe joune nie. Jou oë is die oë waardeur die liefde van Christus na die seer van die wêreld uitstraal. Jou voete is die voete waarmee Christus wil goed doen. Jou hande is die hande waarmee Hy nou wil seën. Jou mond is die mond waarmee Hy getuig.”
Amen